

# Lief en Leed

Kom ons vra die Here om Hom voortdurend oor Jeanette Kalp te ontferm. Sy ervaar groot ongemak en pyn, daar is moontlike hulp wat deur die Hospice gegee sal word.

Elsie Calitz het haar 2de sarsie chemo behandeling gekry. Dra asb. vir haar en Chris aan die Here op vir Sy ondersteuning en ontferming.

Dawina Zaayman se behandeling is gestaak, dit bring te veel negatiewe komplikasies mee. Dra haar aan die Here op vir Sy liefde en ontferming

Johan Nöthling is op 'n hospitaalbed by die huis en is baie verswak. Hy leef elke dag met dankbaarheid. Ons vra asb. die gemeente se gebede vir hom en Elsa.

Voorbedding word gevra vir Tony Laurie en Anita Groenewald wat verwickelinge by hulle werk beleef wat onsekerheid oor die toekoms meebring.

Marie Hart het 'n spesialis gaan sien. Sy het nierprobleme en suiker. Bid asb. vir haar.

Daantjie Roux is gediagnoseer met longkanker. Bid asb. vir hom dat die Here hom sal dra deur 'n moeilike tyd van sy lewe.

Dave Jacobsz het groot probleme met beide oë. 'n Finale uitspraak is nog nie deur die dokters gemaak nie. Hy glo en vertrou dat die Here 'n deurbraak sal maak. Ons bid steeds saam met hom.

Hans Goosen het 'n melanoom van sy rug laat verwyder - ons bid vir sy volle genesing.

Sophia Harvey gaan in die week 'n knieervanging kry, ons bid dat die operasie goed sal verloop en dat sy gehelp sal word.

Cassie Liebenberg ervaar beterskap alhoewel hy nog naalde en spelde in sy hande voel. Bid asb. saam met hom vir sy broer wat verneem het dat hy kanker in n gevorderde stadium het.

# Die Aankondiger !

**EREDIENS: 15 Maart 2015**

**Prediker:**

**Tema: Jews For Jesus**

**Skriflesing: Sal aangekondig word**

**Liedere: Sal aangekondig word**

**Jeug: 18:00 Rusoord: 16:45**



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Dit was nie die spykers wat Jesus aan die kruis gehou het nie, maar Sy liefde vir jou.

## GEBEDSVERSOEKE

Selfs in Sy lyding, het Jesus met deernis aan Maria, Sy moeder en Johannes, Sy dissipel gedink en hulle opdrag gegee om na mekaar om te sien. Ook vir die misdadiger het Hy 'n woord van troos en hoop gehad. "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Ons onthou in gebed die wat treur, na afsterwe van hul geliefdes en die aanpassings wat hulle moet maak.

Bid getrou vir die werk van FEBA radio en dank die Here vir die seën en vrug op hulle werk. Sewe seuns het op 'n keer nadat hulle die teks: Roep My aan in die dag van Benoudheid oor die radio gehoor het, Jesus se Naam uitgeroep toe 'n duiwelbesetene hul wou aanval. Die vrou het inmeaargesak en hulle nie verder bedreig nie. Hulle het later oorgawe van hulle lewens aan Jesus gemaak en is tans by teologiese kweekskool.

Ons vra dat daar verligting sal kom van die knellende droogte in gebiede in SA.

Laat ons nie vergeet om gereeld vir die regering en belangrike besluitnemers te bid nie.

## **ONS WAARDES LÊ OPGESLUIT IN EFESIËRS 4: 1 - 3**

*Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*

## **Kennisgewingbord**

**Kerkkantoor tel. Nommer : 012 664 6695**

**Deurkollekte : Instandhouding**

**Bruingeld vir Sending:** vanaf 21/11/2012 is **R9636** al ingesamel. Mooi so!

### **BYBELS**

Marina Cox (opvolger van wyle Ds. Koos Beukes) van Evangelisasie - VGK is opsoek na ou Bybels, enige taal en grootte. Dit kan by die kantoor ingehandig word. *Nuwe Bybels* is beskikbaar in die kombuis-area.

### **OMGEE-VROUE**

**\*\*\*\*!!As gevolg van die nuwe lidmate ontbyt wat vanoggend gehou word sal daar gee tee na die erediens bedien word nie!!\*\*\*\*\***

### **NUWE LIDMATE - Baie welkom aan ons nuwe lidmate.**

Anette Dreyer vanaf die AGS Herlewings Sentrum

**Bewys van lidmaatskap is ontvang.**

Salome Botha vanaf Elarduspark

**Net weer ons bank besonderhede indien u dit benodig.**

**NG Lyttelton-Noord. Absa Bank**

**Reknr: 600590243, Tak: 335045**

### **BYBELSTUDIEGROEPE :**

Maandag	15:00	Parkdal	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Diensentrum
	10:00	Tiny Krige		10:00	La Borie
	10:00	Lofdal		11:00	Protea

**Omgee-Manne: Saterdagoggend 6:30 by die kerk**

### **Baie geluk aan almal wat verjaar 15-21 Maart**

Annette	Voges	03/15	664 4284	27844012857
Christopher	Allison	03/17	0713698745	27825516190
Elsabé	Conradie	03/17	082 464 5788	27824645788
Christo	De Leca	03/17	0827932428	27827932428
Johan	Jordaan	03/17	664 6114	27823733395
Tielman	Nieuwoudt	03/17	0832930772	27838456789
Ina	Pretorius	03/19	012 664 4090	
Sannie	Viljoen	03/19	664 5835	
Maria	De Ridder	03/20	664 2991	
Christo	Kruger	03/20	0820929948	
Mieke	Pienaar	03/20	664 7797	082 848 7478
Sannie	Van Den Berg	03/20	644 0974	
Anita	Lloyd	03/21		
Alex	Van Wyk	03/21	664 2500	27829283554

### **HUIS GIDEON PLEEGHUIS**

René Odendaal (huismoeder) doen 'n beroep op die gemeente om betrokke te raak by die pleeghuis. Daar is ook 'n behoefte aan kos. Indien u belangstel om betrokke te raak, skakel haar asseblief by 012 6642199 / 0795143290